AANSOEKPROSES: GR. R-2025

Hoe oud moet my kind wees voordat ek aansoek kan doen?

Die jaar wat u kleuter 5jr. oud word, is die jaar wat u moet aansoek doen vir die daarop volgende jaar – m.a.w. u kleuter gaan 6jr. oud word in Gr. R.

Mag ek my kind se naam op 'n waglys plaas?

Ons het geen waglyste nie.

Wanneer mag ons aansoek doen?

Die aansoekproses open gewoonlik, in opdrag van die GDO, aan die begin van die tweede kwartaal. Die datum sal op die skool se Facebook-blad aangekondig word.

U is egter welkom om die skool, me. Karén Reyneke te kontak per e-pos (karen@laerskoolfairland.co.za) nader aan die einde van die eerste kwartaal (Maartmaand).

Waar kry ons aansoekvorms?

Die aansoekvorms mag slegs op die webtuiste geplaas word wanneer die skool die datum aangekondig het.

Neem asb. kennis dat dit slegs 'n aansoekvorm gaan wees en nie 'n inskrywingsvorm nie. 'n Inskrywingsvorm word in November aan ouers, wie se aansoeke suksesvol was, gestuur/uitgedeel.

LET WEL: ENIGE VORMS MOET ALTYD VOLLEDIG EN DUIDELIK LEESBAAR VOLTOOI WORD!!!

Watter dokumentasie moet ingehandig word saam met aansoekvorm?

- Afskrif van leerders se geboortesertifikaat
- ID-grootte foto (onlangse)
- Afskrif van leerder se kliniekkaart
- Bewys van woon- en/of werksadres (hang af of u in area woon of werk). Huurkontrakte **MOET** gewaarmerk wees
- Afskrif van ID-dokumente van beide ouers

Indien bogenoemde dokumentasie **NIE** u aansoekvorm vergesel nie, het u 2 weke kans om uitstaande dokumentasie in te handig. Indien die dokumentasie nie ingehandig word nie, word u aansoek geskrap en moet u die proses van vooraf begin.

Voedingsarea – bly ek binne of buite dié gebied?

Die voedingsarea-kaart is te groot om op die webtuiste te plaas asook per e-pos aan ouers testuur.

Stuur gerus u woon- of werksadres per e-pos aan karen@laerskoolfairland.co.za om adresse teverifieer.

Wat gebeur as ek buite die voedingsarea woon of werk?

Doen asb. nog steeds aansoek, **maak egter asb. net seker dat jul 'n plan B in plek het.**

Ope dag

Daar word 'n Ope dag word op **18 April 2024** vir al ons nuwe gr. R- en gr. 1-leerders van 2025 gehou. Meer inligting sal op ons Facebook-blad gepubliseer word.

Indien u nie die Ope dag kan bywoon nie, is u egter welkom om die skool te kom besoek. Stuur 'n e-pos aan me. Karén Reyneke met 'n paar datums en tye wat u sal pas en ons sal 'n afspraak bevestig.

Inligtingsdag

Slegs suksesvolle aansoeke word na dié dag genooi. Hieride is 'n inligtingsessie vir die ouers en vind gewoonlik in Oktober plaas.

Navrae

Alle navrae **MOET** asb. per e-pos geskied. (karen@laerskoolfairland.co.za)

Na die aansoekproses

Indien u aansoek suksesvol is, stuur ons 'n skrywe aan ouers teen middel Mei/einde Mei.

U gaan gevra word om 'n bedrag te betaal wat aftrekbaar is van die skoolgeld van 2025, met ander woorde vooruitbetaalbare skoolgeld.

U kan die bedrag oor drie maande betaal. Bedrag die afgelope 4 jaar, was R3 200, maar sal bevestig word.)

Skoolgeld 2025

Skoolgeld word in Oktober tydens die Algemene Ouervergadering vasgestel en sal dan aan ouers gekommunikeer word. U sal dan ook die inskrywingsvorm vir 2025 ontvang.

Skoolgeld vir 'n Gr. R-leerder sluit die volgende in:

- **Skryfbehoeftes**
- **Gehoor- en oogtoetsings**
- **Eerste skooldagfoto**
- **'n T-hemp**
- **Perseptuele boeke**
- **Instappies**
- **Laaste dag van kwartaal-aktiwiteite**